Vrydag 2 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 3:11–13

Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 3:12 (AFR83/AFR2020)

## Ons liefde vir mekaar moet toeneem

Paulus skryf aan die gemeente in die Griekse stad Tessalonika, wat hy en sy medewerker Silas, bedien het (Hand. 17). Ons gelese gedeelte vorm die afsluiting en hoogtepunt van die eerste drie hoofstukke. In hierdie verse slaan Paulus spontaan oor in ’n kort gebed. Hy bid oor twee sake:

- Dat as dit die Here se wil is, sal hulle graag weer vir die gemeente persoonlik wil besoek (vs 11).
- En dat hulle liefde sal toeneem en oorvloedig sal word (vs 12-13).

Veral in hierdie bede (vs 12-13 sien ons kosbare gedagtes wat vir ons gelowiges in 2026 steeds van groot waarde en troos is. Paulus se gebed vir ons in vers 12 is eerstens:

- dat die Here ons sal laat groei en oorvloedig maak (twee sinonieme wat volheid beklemtoon) in ons liefde vir mekaar.
- ’n Liefde wat ons alreeds het, bewerk deur Christus en sy kruis, maar iets waarin ons elkeen elke dag meer oorvloedig kan word.

In vers 13 gee Paulus die rede vir die vorige vers se gebed dat ons liefde vir mekaar sal toeneem: “*… sodat julle met die koms van ons Here Jesus, saam met al sy heiliges, onberispelik in heiligheid voor ons God en Vader kan wees*.” Die liefde van God is in ons harte uitgestort en nou is die gebed, die oproep, dat ons dit elke dag voor oë sal hou in alles wat ons sê, doen en dink. Want as ons dit doen, dan sal ons op die dag van die wederkoms van ons Here Jesus *heilig en onberispelik* voor Hom kan staan.

Die gebed om versterking trek ten diepste saam in die liefde. Dit is die wyse waarop God ons sterk maak, innerlike krag gee met die oog op ons Here se terugkoms. Die gebed is dus dat ons in die liefde sal groei, sodat ons wanneer ons Here eendag terugkom, onberispelik en heilig voor God die Vader sal kan staan. So word sy terugkoms iets waarna die gelowige met groot opgewondenheid na uitsien.

*Sing: Skrifberyming 2-4:1, 2 (ou Skr. 33)*

*Ds. ID (ID) Nagel (Uitschot)*